

Skriflesing Matt 19 vers 27 – 20 vers 16
Tema Genade laat my dankbaar lewe

Die eienaar huur arbeiders om in sy wingerd te kom werk. Ses uur die oggend gaan hy uit, onderhandel met die werksoekers oor hulle gewone dagloon en hulle begin werk. Nog vier keer gaan die eienaar uit en huur elke keer werkers wat vir 'n billike loon kom werk. Party van die arbeiders werk 12 uur, ander 9 uur, 6 uur, 3 uur en die laaste groep werk 1 uur. Almal kry dieselfde betaling. Dit is 'n volmaakte resep vir arbeidsonrus. Dit kan tog nie so werk nie! Waarskynlik sal dit nooit op aarde so werk nie.

Jesus maak dit egter baie duidelik dat Hy die gelykenis vertel oor die koninkryk van die hemel. Oor alles staan die woord genade geskryf. Genade is om te kry wat jy nie verdien nie. Geloof is om in sondevodde jou leë bedelaarshande uit te steek en oorlaai te word met God se genade.

Alle is genade. Die Here het nie mense nodig om in Sy wingerd te werk nie. En tog gaan hy werklose ongeskoolde arbeiders om te kom werk. Tot 5 uur die middag gaan hy haal mense.

Hy laat gee aan almal dieselfde loon. Efes 2:8-10 help ons om beter te verstaan wat hier aan die gang is: ⁸Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. ⁹Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. ¹⁰Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het."

In Rom 6:23 lees ons: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."

Die dissipels het alles gelos en vir 3 jaar agter Jesus aangeloop. Die meeste van hulle is volgens oorlewering doodgemartel omdat hul navolginge van Jesus was. Die moordenaar aan die kruis roep oomblikke voor sy dood na Jesus. Ons lees daarvan in Lukas 23:42-43:

⁴²Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."

⁴³Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Hy ontvang, soos die dissipels, die ewige lewe as geskenk van God. Dit voel dalk vir ons onregverdig, maar dit is hoe God se genade werk.

Die gevaar is dat ons kan dink dat ons beter as ander is omdat ons kerkmense is. Van ons het hierdie kerkgebou help bou en ander het baie koeksusters gebak om dit moontlik te maak. En omdat ons so lank al hier is, kyk ons af op die nuwe gelowiges. Wie is hierdie jong klomp om nou hier te kom inval? Wanneer ons so redeneer, is ons niks beter as die oudste seun in gelykenis van die verlore seun nie. Ons is nie bly oor iemand wat verlore was en teruggekry is, dood was en weer lewe nie. Ons vier nie fees saam met ons Vader nie. Ons was heeltyd in die Vader se teenwoordigheid, maar voel verontreg omdat ons net hard moes werk en nie eens 'n bokkie kon kry om saam met ons vriende fees te vier nie.

Ander van ons kan dalk roem op ons jare lange diens. Ons het so baie opgeoffer. Ons verdien om gered te word en die ewige lewe te beërwe. Maar ons verdien dit nie. Ons verdien niks meer as iemand wat vanoggend die eerste keer die Here as Verlosser aangeneem het nie. Alles is genade!

Beteken dit nou dat ek maar kan terugsit. Ek kan nie my verlossing verdien nie. Nee, verseker nie! God se genadegeskenk roep ons elkeen op tot 'n dankbaarheidslewe. Dankbaarheid is nou die dryfveer van ons lewens. Ons het in Efes 2:10 gelees: ¹⁰Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het."

Alles is genade. Dank en loof Hom vir die voorreg wat om Hom al vir baie jare te mag ken en dien. Gaan wy jou lewe aan die goeie daade waarvoor die Here jou bestem het. Gevul met dankbaarheid gaan werk ek in sy wingerd omdat ek wil. Gevul met die Heilige Gees wil ek nie anders as om die Here te dien nie.

Afsluiting

Die gelykenis oor die arbeiders in die wingerd kom bevestig dat nie een van ons iets van God verdien nie. Of jy nou jou lewe prysgegee het om vir die Here te gaan werk, of jy 'n dominee is, of jy kerkraadslid of kategeet is en of jy vandag in hierdie kerkgebou ingesluit het, omdat jy so bewus is van jou sondes, niemand verdien iets voor God nie. Maar tog ontferm God hom oor almal omdat Hy 'n genadige en barmhartige God is. Hy ontferm Hom oor ons omdat Hy wil, omdat Hy ons liefhet.

Omdat jy nie geskik is om gered te word nie, het Hy sy Seun Jesus Christus gestuur om jou sondeskuld weg te neem deur in jou plek aan die kruis op Golgota te sterf.

En omdat God die losprys wat Jesus betaal het, aanvaar het, daarom kan jy nou die lewe en die ewige lewe beërwe. Jy kan dit nie verdien nie. Dit kom jou nie toe nie. Dit is blote genade uit God se hand.

Efes 2:8: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."

Amen